Die Christelike Vrou

Januarie-Februarie 2024 Amptelike mondstuk van die NHSV

Om kerk toe te gaan...

"Om kerk toe te gaan in Suid-Afrika is nie moeilik nie. Sondagoggend klim jy in die kar en daar is kerke te kies en te keur. Jy kan kies na watter kerk jy wil gaan, hoe laat jy wil gaan, of jy na 'n tradisionele, stemmige kerk wil gaan, of waar daar gesing, gedans en geskree word. Die keuse is groot."

"Die afgelope tyd het ek hier in Johannesburg diep onder die indruk gekom dat mense nie eintlik meer vir mekaar omgee nie. Almal handhaaf 'n afstand. Van 'n samehorigheidsgevoel is daar net nie sprake nie. 'n Mens raak afgestomp – tot so 'n mate dat ek verkies om deesdae alleen te wees. Hierdie 'groef' veroorsaak dat 'n mens jouself wysmaak dat jy nie meer mense om jou nodig het nie. Sonder dat 'n mens dit agterkom, vanweë die dolle gejaag, is dit maklik om jouself wys te maak dat iets soos die vrug van die Gees baie skaars is, dat mense dit nie meer leef nie."

Só lui die eerste paragraaf en 'n gedeelte van die laaste paragraaf van een van die artikels in hierdie eerste uitgawe van 2024. Klink dit dalk vir jou bekend? Hierdie twee paragrawe word gesê oor kerkwees in ons mooie land wat ons graag beskryf as 'n land wat nog meestal Christelik is. Nou wonder 'n mens hoe dinge sal gaan as kerk toe gaan dan nou nié so maklik is nie – hoe sal dit byvoorbeeld vir jou as Christen wees in 'n land wat uit en uit Moslem is?

My sus en haar man (en 'n menigte ander Suid-Afrikaners) woon, werk en kerk in die Verenigde Arabiese Emirate. Hulle moet moeite doen om kerk toe te kan gaan. Hulle is "gaste" in die land van sand en natuurlik as Christene ver in die minderheid. 'n Vriendin wat daar gekuier het, het die tweede paragraaf hierbo geskryf en toe ook die volgende:

"Dit kos my toe sowaar om doer ver, in Aboe Dhabi, 'n hartlikheid, gasvryheid, vriendelikheid, opregtheid, behulpsaamheid, vreugde en opregte naasteliefde raak te loop. Alles 'n besliste deel van hoe Christene veronderstel is om te leef... Jul toegewydheid aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap en Afrikaanse kerk was vir my opvallend. Hier by ons dryf mense uitmekaar... Julle het nie net my vertroue in die mensdom herstel nie, maar jul voorbeeld het my diep geraak."

Hoe jammer tog dat ons nie altyd kan raaksien en waardeer nie dat ons dit in hierdie land eintlik nog baie maklik het...

Hannelie

Voorbladfoto: Só, in die middel van die woestyn, soms by 'n oase, altyd met viertrekvoertuie, hou die gemeente in Aboe Dhabi soms kerk.

Die kanselkleed (Deel 11)

Die kanselkleed (Deel 11)

Ds Carel Johann de Bruin

Dr Christo Pretorius, leraar van die samewerkende gemeentes Pretoria en Wonderboom-Suid, vertel oor die kanselkleed van Gemeente Pretoria.

Op Sondag 13 Mei 2018 om 15:00, terwyl Gesang 275 as slotlied klink, is die Kanselbybel van Gemeente Pretoria verwyder en aan die jongste lidmaat, Henco Pretorius, oorhandig.

Hierna is dit aan die skriba, Phillip van Staden, by die kerkdeure oorgegee, en terwyl hulle *Berei vir ons die lewenspad – wil deur u Gees ons lei* gesing het, het die gemeente en gaste van die Du Toitstraat-kerkgebou afskeid geneem nadat die gemeente besluit het om die kerkgebou aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank te verkoop.

In die agtergrond het die eikehoutkansel bly staan en daarop die kanselkleed van donkerrooi fluweel en met goud geborduurde letters: *Jezus alleen*.

'n Bietjie meer as 'n eeu vroeër, onder ander omstandighede, was die kanselkleed simbool van 'n nuwe begin. Op Saterdag 25 Februarie 1905 om 15:00 is die nuwe kerkgebou van Gemeente Pretoria feestelik in gebruik geneem. Die kerkgebou, in die volksmond bekend as die Du Toitstraat-gebou, waarskynlik vernoem na die eerste landdros van Pretoria (wat Arcadia vir een Basotho-ponie gekoop het), Andries du Toit, dien nie net vir lidmate en inwoners as bron van inspirasie nie, maar bied ook geleentheid vir dankbare verootmoediging.

Oudl ADW Wolmarans, een van die aanvoerders vir die oprigting van die sierlike gebou, het toe die begeerte uitgespreek dat in die nuwe kerkgebou Christusprediking alleen sal klink, en volgens 'n berig in die *Transvaalsche Kerkbode*: *...op de beproefde eenvoudige wijze naar het voorbeeld onzer vadere, zonder de bijvoegselen van een nieuwe tijd*.

Vanaf die nuwe kansel, waarvan die houtsneewerk deur die beeldhouer en lidmaat van die gemeente, Anton van Wouw, geskep is, met die kanselkleed as fokuspunt, het prof PJ Muller die inwydingspreek aan die hand van Openbaring 21: 5 – *Zie, Ik maak alle dingen nieuw* – gelewer en in sy preek die gemeente daarop gewys dat die oprigting van die kerkgebou, ná die verwoestende Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902), van geloof getuig. Hierop het hy gevra:

> *En wat zal nu de Nieuwe Kerk zijn voor de Gemeente Pretoria? Wie zal het zeggen, Geliefden? Mocht de Nieuwe Kerk maar de aanvang zijn van een tijdperk van vernieuwden ijver voor den dienste des Heeren, en een getuige van de vernieuwing des gemoeds door de Heiligen Gees bij allen, die binnen hare mure, met zachtmoedigheid het Woord willen ontvangen, dat in hen geplant wordt!*

Die kanselkleed (Deel 11)

Vervolg

Dat prof Muller in Nederlands preek en die kanselkleed eweneens die Nederlandse vertaling aanhaal, herinner daaraan dat Gemeente Pretoria nie net 'n belangrike rol in die lewe van Afrikaners gespeel het nie, maar ook aan Nederlandse immigrante diens gelewer het. Trouens, Gemeente Pretoria was van die laaste gemeentes wat Nederlands as kanseltaal gebruik het.

In sy werk *Pretoria: Van Kerkplaas tot Regeringsetel* beskryf dr HM Rex, een van die Kerk se voormalige argivarisse, die rol van die gemeente en die ruimtes wat sy bedien.

Dit was die behoefte aan die verkondiging van die evangelie en die viering van die sakramente wat aanleiding gee tot die oprigting van 'n plek van aanbidding. Die koms van ds Dirk van der Hoff in Mei 1853 het hieraan momentum gegee.

Van die vroegste dienste deur ds Van der Hoff is op Elandspoort, waarskynlik by veldkornet Andries van der Walt, gehou en alhoewel verwys is na Gemeente Elandspoort, is die naam Pretoria-Philadelphia, onder aanvoering van ds Van der Hoff, gevestig. Kerkordelik kom 'n gemeente tot stand vanaf die datum waarop die kerkraad in hul amp bevestig word, en hiervolgens is die stigtingsdatum van Gemeente Pretoria-Philadelphia September 1855.

Deur die gang van dekades het die gemeente verskeie kerkgeboue, kansels en meublement tot haar beskikking gehad. Die eerste kerkgebou is op Kerkplein opgerig en in 1857 deur ds Van der Hoff ingewy. Ander kerkgeboue en ruimtes volg, en nie sonder rede nie verhaal dit die lief en leed van die gemeente. Nie net die staatkundige gang van die Voortrekkers en die verset teen Britse imperialisme het in lidmate se lewens beslag gekry nie, maar die gemeente beleef die wonde van die "mislukte" kerkvereniging van 1885 en die lewensverlies van lidmate tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Daarvan getuig die gedenkrol teen die ingang na die kloktoring wat onder meer 78 Nederlandse gesneuweldes lys, waaronder die "onbekende Van Gogh", die jonger broer van die kunstenaar Vincent van Gogh.

In sy kultuurhistoriese studie *Die Kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria* (1904-1992), het Nándor Sarkady, argivaris van die Kerk, eweneens gedui op die band tussen die gemeente en die Nederlandse gemeenskap en hoe dit hier in die boukuns en geskiedenis verweef is.

Die uitgawes van *De Vrije Opmerker* bied ook 'n blik op die omgewing en gemeenskappe waarin die gemeente haar bevind: In Café Royal oefen die Hollandsch Mannenkoor; Haak en seun adverteer hul fietswinkel in Kerkstraat-Wes; generaal Piet Joubert, kommandant-generaal van die ZAR, se oorskot word op 27 Maart 1905 na sy plaas Rustfontein oorgebring; en die voetstuk van die Kruger-standbeeld word van Kerkplein na Princess Park verplaas. Prof PJ Muller, predikant van Gemeente Pretoria, lewer op 14 Julie 1905 in die Transvaal Hotel 'n lesing oor die werke van Charles Dickens, en 'n week vroeër bepleit prof Muller dat alle Transvalers sal aansluit by Het Volkscongres ter ondersteuning van Christelike nasionale onderwys.

Prof PJ Muller

Die kanselkleed (Deel 11)

Vervolg

Die gemeente beleef nie net voorspoed en groei nie, maar kry ook te doen met sosiaal-demografiese veranderinge en die vermindering en verarming van lidmate veral na die 1994-omwenteling.

Na die verkoop van die kerkgebou in 2018 het die gemeente besluit om van haar meublement aan haar "dogters" te skenk, waaronder Gemeente Montana-Oos en Gemeente Wonderboom-Suid, en aan die SP Engelbrecht-museum; laasgenoemde is vir enkele jare in die Du Toitstraat-gebou gehuisves en van die voorwerpe wat deur die Museum bewaar word, is die kanselkleed van die Du Toitstraat-kerkgebou.

In 2030 vier Gemeente Pretoria haar 175ste bestaansjaar. Intussen koester en verkondig sy die evangelie van Jesus Christus in samewerking met haar "dogters" en streef sy daarna om trou te bly aan haar erfenis en roeping: Jesus alleen.

Addisionele inligting deur ds Carel Johann de Bruin:

Prof dr Pieter J Muller was 'n dogmatikus en volgens dr CJ Mans in sy DD-proefskrif kan Muller se teologie daarmee opgesom word dat *die bron waaruit alles voorvloei Christus is*. Daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat Muller die kanselspreuk voorgestel het. In sy afskeidspreek na sy vyf jaar in die gemeente sê hy:

> *Geliefde gemeente, gevleid heb ik u nooit, misschien trad ik zelfs wel eens gestrenger op dan noodig was – maar van dit eene zijt gij toch overtuigd geweest, dat ik u het Evangelie heb verkondigd, en ik mij het Evangelie van Jezus Christus in uw midden niet heb geschaamd. Aan de zinspreuk , "Jezus alleen", waarop uw oog bij elke prediking in dit kerkgebouw rustte, ben ik – zij het ook in veel zwakheid – trouw geweest. Worde Jezus alleen steeds meer ons licht, ons leven, ons een en ons al!*

Muller se grafskrif (1922) vertoon ook die woorde *Jezus Alleen*.
Hierdie kanselkleed – nog in 'n baie goeie toestand – word tans in die SP Engelbrecht-museum bewaar. Wie weet, dalk kan dit op bruikleen gegee word aan die nuwe bankmuseum in die kerkuitstalling waarmee die Reserwebankmuseumkundiges die verhaal van die Hervormde Kerk en die gebou wil vertel. 'n Ouer kleed met die woorde in Afrikaans *Jesus Alleen*, geraam agter glas, hang ook in die Kerkmuseum. Moontlik was die Afrikaanse kleed in gebruik sedert 1925 se amptelike erkenning van Afrikaans of ten minste sedert die Afrikaanse 1933-Bybel of 1944-Gesangeboek. Dalk is daar met die omvangryke restourasie van die 1980's 'n replika van die 1905-kleed gemaak. Die kleed se grootte is 600 x 600 mm met 'n ronding na onder.

Kerkwees in ’n Moslemland

Baie strukture/kunswerke en terreine in die VAE is vol wonderlike simboliek. Hierdie driehoekige werk staan in die deel van die Abrahamitiese Familiehuis waar die Christelike kerk is.

Die driehoekvorm stel die Drie-eenheid voor en is ook ’n waterfontein wat die Lewende Water van die evangelie voorstel. (Sien later in die artikel meer oor die Abrahamitiese Familiehuis.)

Kerkwees in ’n Moslemland

Chantal Roux, Aboe Dhabi (Foto’s: Elize Biewenga)

Bo: Die oudste en kleinste moskee in die VAE.

Onder: Elize en André Biewenga (middel) saam met lede van hulle selgroep tydens ’n besoek aan hierdie moskee. Links van Elize is Theuns en Jolanda Coetzee en regs van André is Suzette en Gys Ebersohn.

Om kerk toe te gaan in Suid-Afrika is nie moeilik nie. Sondagoggend klim jy in die kar en daar is kerke te kies en te keur. Jy kan kies na watter kerk jy wil gaan, hoe laat jy wil gaan, of jy na ’n tradisionele, stemmige kerk wil gaan, of waar daar gesing, gedans en geskree word. Die keuse is groot.

So beland ons in die Midde-Ooste, en skielik is daardie “verpligting” om kerk toe te gaan nie meer daar nie. Nou kan jy self besluit – sonder jou ouers, grootouers, familie en gemeenskap se dwang – of jy wil kerk toe gaan, of jy wil inlê of inkopies doen. Skielik is die druk nie meer daar nie en die verskeidenheid is baie kleiner. Skielik is daar nie meer ’n kerktoring in elke dorp of advertensies van ’n kerkbasaar nie. Ons is omring met ’n moskee om elke hoek. Vyf keer ’n dag word Moslems vanuit die minaret uit elke moskee opgeroep om te bid, en in Ramadaan gaan dit aan deur die nag. Skielik moet ek besluit, gaan die klanke van die moskee my pla, of gaan ek ook sommer die tyd gebruik en tot ons Vader bid? Die besluit was maklik: As hulle bid, dan bid ons, en sodoende is jy heeldag met God in gesprek en vol van die Heilige Gees.

Hier in die Moslemland ís daar kerke, maar dit word stil gehou en alles word beheer deur die regering. Ons kerke het permitte nodig, ons word verdeel volgens ons taal en word slegs ’n uur per week toegelaat. Skielik is ons kerkwêreld kleiner en die hunkering na die gemeenskap van gelowiges word groter. Hier het ek agtergekom dat ek wíl kerk toe gaan en so wíl ook elkeen wat week in en week uit saam met ons in die kerk sit. Hier word jy nie meer gedwing nie en niemand gaan Maandag vra waarom jy nie Sondag in die kerk was nie. Skielik word kerk ’n noodsaaklike maar persoonlike saak tussen jou en God, want ons wil nie as gevolg van ons geloof teruggestuur word Suid-Afrika toe nie – ons is hier om te werk.

Was dit nie vir hierdie Moslemland nie, sou ek nie dieper in die Woord gedelf het nie. Skielik besef ek kerk is net ’n gebou. Ja, ons leer in die Sondagskool jy is ’n tempel van God, jý is die kerk, maar met alles rondom kerk tot ons beskikking in Suid-Afrika, besef ons nie hoe groot dit is om die tempel van God te wees nie. Skielik kíes jy om daagliks jou wapenrusting aan te trek, want sonder dit kan ons nie. Met so baie gelowe om ons, is die vyand erg besig. Skielik maak Efesiers 6: 12 sin. Ons kies hier om die vrug van die Gees te leef.

Omdat ons kies om self kerk toe te gaan, is geloofsfamilies die mense op wie ons staatmaak, wat jou ondersteun en saam met jou bid, want dis jou naaste familie in die woestyn. Ek kan getuig van hoe kosbaar hierdie geloofsfamilies en Bybelstudiegroepe vir ons is. Met my ma se skielike afsterwe was ons onmiddellik omring met mense wat omgee, mense wat kom hoor wat ons nodig het om so gou moontlik in Suid-Afrika uit te kom. Daar word gereël om na ons huis en katte om te sien, ons word lughawe toe geneem, daar is geld in ons bankrekening inbetaal, daar is saam gehuil en saam gebid. Omdat die gemeenskap klein is, leer ons mekaar se families ken, hulle kom saam kerk toe en beleef die lewende water saam met ons. Dít is vir my kerkwees, nie die mooi groot gebou met die mooiste dekor en moderne uitleg nie. Dis die harte en omgee van medegelowiges.

Kerkwees in ’n Moslemland



Die Groot Moskee in Aboe Dhabi – pragtige argitektuur waarvoor absoluut géén onkoste gespaar is nie.

Kerkwees in ’n Moslemland

Vervolg

’n Uitleg van die Abrahamitiese Familiehuis. Op hierdie terrein is pertinent plek gemaak vir die drie gelowe in die Abrahamitiese groep: Hier is ’n Christenkerk, ’n Joodse sinagoge en ’n moskee – alles op een terrein! Tussen die plekke van aanbidding is pragtige tuine uitgelê en gemeenskaplike areas waar die verskillende gelowe bymekaar kan kom.

’n Groot opskrif op die eerste blad van hulle webtuiste lui: “Diverse in our Faiths. Common in our Humanity. Together in Peace”.

Gaan lees gerus meer oor hierdie fassinerende kompleks by:

https://www.abrahamicfamilyhouse.ae/

Ons motto is *friends who can pray together, will stay together*. Hier maak die Bybelse gebruike sin.

Ek haal ’n boodskap aan van ’n vriendin wat onlangs hier gekuier het, en die boodskap geld nie net vir ons gesin nie, maar vir almal van ons wat elke dag kerkwees in ’n Moslemland uitleef:

“Die afgelope tyd het ek hier in Johannesburg diep onder die indruk gekom dat mense nie eintlik meer vir mekaar omgee nie. Almal handhaaf ’n afstand. Van ’n samehorigheidsgevoel is daar net nie sprake nie. ’n Mens raak afgestomp – tot so ’n mate dat ek verkies om deesdae alleen te wees. Hierdie ‘groef’ veroorsaak dat ’n mens jouself wysmaak dat jy nie meer mense om jou nodig het nie. Sonder dat ’n mens dit agterkom, vanweë die dolle gejaag, is dit maklik om jouself wys te maak dat iets soos die vrug van die Gees baie skaars is, dat mense dit nie meer leef nie.

Dit kos my toe sowaar om doer ver, in Aboe Dhabi, ’n hartlikheid, gasvryheid, vriendelikheid, opregtheid, behulpsaamheid, vreugde en opregte naasteliefde raak te loop. Alles ’n besliste deel van hoe Christene veronderstel is om te leef... Jul toegewydheid aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap en Afrikaanse kerk was vir my opvallend. Hier by ons dryf mense uitmekaar... Julle het nie net my vertroue in die mensdom herstel nie, maar jul voorbeeld het my diep geraak.”

VROUE IN WETENSKAP

VROUE IN WETENSKAP

Toekenning aan Suid-Afrikaanse Vroue in Wetenskap – Leanne Nortjé

Mari-lizé Beukes

Tydens 'n toekenningsgeleentheid op 8 September 2023 in Durban is topvroue vereer in hul onderskeie navorsingsgebiede met die tema: *Harnessing technological change and innovation to achieve gender equality and empower women and girls.*

Leanne Nortjé, 'n doktorale student aan die Fakulteit Ingenieurswese van die Universiteit van Stellenbosch, het een van die agt toekennings gewen by hierdie spoggeleentheid wat deur die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie, dr Blade Nzimande, se departement aangebied is. Haar toekenning was in die kategorie *DSI-Ndoni Mcunu Fellowships: Doctoral Awards.*

Leanne Nortjé is die dogter van predikantspaar ds Ferdie en mev Marina Nortjé, wat woonagtig is in George waar hulle die predikantspaar was voor hul aftrede. Hul oudste dogter, Es-Marié Meyer, is 'n kwantitatiewe analis, en Riekus Nortjé, die tweede oudste kind, werk as 'n immigrasiekonsultant. Leanne, hul laatlamdogter, was vroeër jare ook 'n NHSV beurshouer.

Die Fakulteit Ingenieurswese van die Universiteit van Stellenbosch het in 'n Facebook-artikel op 19 September 2023 bekendgemaak dat Leanne, een van hul PhD-studente, aangewys is as 'n wenner tydens 2023 se toekennings aan Suid-Afrikaanse Vroue in Wetenskap (#SAWiSA), wat die beste vroue vereer in wetenskap, tegnologie en innovasie.

SAWiSA vereer vrouewetenskaplikes en -navorsers wat dien as rolmodelle vir jonger vroue en vergoed hierdie vroue wat aan die begin staan van hul loopbane as navorsers en wetenskaplikes.

Leanne se navorsing, onder leiding van prof Herman Kamper, fokus daarop om stelsels te ontwerp wat help met spraak vir tale met min blootstelling – wat nie baie bekend is en baie gepraat word nie.

Sy gebruik beeldmateriaal soos foto's en prente om die oudio/klanke van die onbekende taal op te stel. Sy het Engels as basistaal gebruik om te help met die tale se omskakeling na oudio – wat gedien het as 'n goeie bron vir haar navorsing.

Die stelsels wat sy in haar navorsing gebruik het, is geïnspireer deur jong kinders se vermoë om vinnig hul moedertaal aan te leer.

Met die aanwysing van die finaliste het Leanne gesê dat dit vir haar 'n groot voorreg is om as 'n finalis aangewys te word. Vir haar is dit 'n ongelooflike ondervinding en sy is dankbaar om as 'n finalis gereken

VROUE IN WETENSKAP

Toekenning aan Suid-Afrikaanse Vroue in Wetenskap – Leanne Nortjé **Mari-lizé Beukes**

te word vir haar bydrae in 'n veld waar vroue nie goed verteenwoordig word nie.

Leanne sê: *Hierdie toekenning inspireer my om heeltyd grense te verskuif en positiewe verandering teweeg te bring deur my navorsing.*

Leanne is 'n doktorale student in elektriese en elektroniese ingenieurswese. Sy is 'n beurshouer van *Google DeepMind* wat vir haar doktorale PhD-studies betaal, en sy sê dat die SAWiSA-toekenning haar navorsing 'n besondere hupstoot gegee het. Dit was vir haar 'n groot eer om hierdie toekenning te ontvang en sy is dankbaar dat haar navorsing erkenning gekry het waar sy 'n bydrae kon maak. Sy het ook twee publikasies vrygestel by twee internasionale konferensies in *Spoken Language Technology and Speech*.

Eerstens kan die toekenning se blootstelling haar help om deure oop te maak vir nuwe navorsingsgeleenthede saam met ander navorsers. Die toekenning help ook om geloofwaardigheid aan haar navorsing te verleen om sodoende befondsing vir haar navorsing te bewerkstellig. Laastens dien dit ook as 'n groot motiveerder sodat sy hoër standaarde kan bereik met haar toekomstige navorsing.

Die Departement van Wetenskap en Innovasie het in 'n artikel op hul webblad hierdie aankondigings gemaak om vroue in Suid-Afrika se uitstaande mylpale te vier!

Leanne sê op die ou einde wil sy die doelwitte van haar navorsing verbreed om dieper in die implikasies van haar navorsing te duik, sodat sy kennis kan bevorder en verbreed en 'n blywende indruk kan maak.

Welgedaan, Leanne! Ons is trots op jou!

Medewerkers aan hierdie uitgawe:
Ds Hannelie Botha (redakteur), ds Carel Johann de Bruin, Chantal Roux, Mari-lizé Beukes,
Taalversorging: Tessa Oppermann
Foto's vanaf *www.Pixabay.com* en skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com*
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za*

www.nhsv.org.za	***Posbus 111, Worcester 6849***	*diechristelikevrou@gmail.com*
diechristelike	*Christelike Vrou*	***082 923 9439***

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van** Die Christelike Vrou **se redaksie of die NHSV nie.